Nuusbrief 2 van 2024

# Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

MATRIEKS 2023

UITSLAE

## 8 A's

Onder top 50 in VS

Lynné van Wyk
Gem: 90,9%

## 7 A's



Theuns Delport
Gem: 87,9%

## 6 A's

Kaelynn Nortje
Gem: 85,1%

## 2 A's

Leané Rossouw
Landon Compton

## 1 A

JP Maritz
Talita Huyser
Neo Motingoe
Simoné Nolan
Charl Joseph
Zeldene van Zyl
Annerise Stander
Charné Haasbroek
Nathan Kleinhans

## Liewe Ouers

Ons is baie trots op ons matrieks van 2023 met 'n 97,9%-slaagsyfer! Ons is weer onder die topskole in die Vrystaat en word uitgenooi na die *Well Done Function* in Bloemfontein.

Die meeste van ons matrieks van 2023 kan verder aan 'n universiteit (68,8% universiteitstoelating) of technikon studeer.

Ons matrieks behaal ook in totaal 34 A-simbole, 49 B-simbole en 81 C-simbole. Ons het ook twee leerders met 'n gemiddelde B-simbool en 13 met 'n gemiddelde C-simbool.

Baie geluk aan ons matrieks van 2023 – spesiaal ook aan al ons toppresteerders! Ons is trots op elkeen van julle. Baie sterkte aan elkeen van ons matrikulante met sy/haar toekomsplanne. Mag 2024 vir almal van julle geseënd wees!

Hiermee nooi ons u hartlik uit na ons eerste **OUERVERGADERING** van die jaar.

DATUM: Dinsdag, 30 Januarie
TYD: 18:00
PLEK: Skoolsaal

EEN ouer per gesin moet asseblief die vergadering bywoon. Sien u daar!

Die skool sal Dinsdag, Woensdag en Donderdag om 11:30 a.g.v. **departementele vakvergaderings** verdaag. Die dagprogram sal dan as volg verloop:

Ekstra klas: 11:30 – 12:30
Graad 8-sottekonsertoefening: 12:30 – 14:00
Sportoefening: 14:00 – 15:30

Nuusbrief 2 van 2024 vervolg...

# Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

**Sumandri Jacobs**

slaag Noodhulp Vlak 1-kursus. Baie geluk!

**BAIE DANKIE**

aan elke ouer wat op een of ander manier by die kleursport behulpsaam was - julle betrokkenheid word waardeer!

Baie dankie ook aan elke kind wat by die kleursport was en vir hulle span deelgeneem het - julle is die hartklop van HSH!

## KLEURSPORT

Tydens die jaarlikse kleursport was die Rooispan die wenners van die dag met die Blouspan kort op hulle hakke!

Baie geluk aan die volgende leerders wat rekords verbeter het:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Madelie Bernardo | Verspring | D14 | verbeter die rekord met 0,08m. |
| Liané van Biljon | Diskusgooi | D16 | verbeter die rekord met 1,5m. |
| | Hamergooi | D16 | verbeter die rekord met 0,8m. |
| Alfranko Steyn | Diskusgooi | S14 | verbeter die rekord met 2,92m. |
| Liané Alexander | Hamergooi | D15 | verbeter die rekord met 14,02m. |
| Naledi Matloloane | 100m | D14 | verbeter die rekord met 1:31 sek. |
| San-Marie Binneman | 1500m | D16 | verbeter die rekord met 37 sek. |

Die volgende prestasies is ook behaal:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Beste meisies-baanatleet: | Naledi Matloloane | 100m D14 | 720 punte |
| Beste meisies-veldatleet: | Liané Alexander | Hamergooi D15 | 810 punte |
| Beste seuns-baanatleet: | Lebohang Mlangeni | 400m S16 | 590 punte |
| Beste seuns-veldatleet: | Rynhardt Bossé | Gewigstoot S16 | 650 punte |

Victrix Ludorum: Jana Ross met 'n gemiddeld van 613 punte
Victor Ludorum: Xander van Jaarsveld met 'n gemiddeld van 573 punte

Baie geluk aan almal wat tydens die byeenkoms presteer het. Ons is baie trots op julle!

## KRIEKET - Eerste meisiespan

Ons eerste meisiespan het verlede week teen Welkom Gimnasium gespeel. Hulle wen met 6 paaltjies. Fumane Moiloa, Karla van Nieuwholtz en Jana Ross neem elk twee paaltjies.

Welgedaan aan al ons meisiespelers - ons is trots op julle!

Baie sterkte met julle wedstryd vanmiddag teen Goudveld. Dit vind op ons tuisveld by die koshuis plaas.

## KRIEKET - Eerste seunspan

Ons eerste seunspan het die afgelope twee weke drie wedstryde gespeel. In hulle eerste wedstryd teen Trio verloor hulle met 1 paaltjie. Kabelo Mosia neem vyf paaltjies in hierdie wedstryd.

Tydens die tweede wedstryd teen Wessel Maree wen hulle met 92 lopies. Siya Khaba slaan 37 lopies en behaal ook 'n *hattrick* tydens sy boulbeurt. Tydens sy boulbeurt palm Sam Dlamini drie paaltjies in terwyl Kabelo Mosia 22 lopies aanteken en een paaltjie tydens sy boulbeurt neem.

Tydens die derde wedstryd teen Sandveld wen hulle met 10 paaltjies. Jordan Ferreira, Kabelo Mosia en Kat Dlamini neem 3 paaltjies elk.

Baie geluk aan ons krieketseuns - ons is trots op julle!

| DAGTYE | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **MAANDAG** | **DINSDAG** | **WOENSDAG** | **DONDERDAG** | **VRYDAG** |
| 07:30 - 13:45<br>Begin met periode 1.<br>Saal voor pouse. | 07:30 - 13:30<br>Begin met register. | 07:30 - 13:30<br>Begin met register. | 07:30 - 13:45<br>Begin met periode 1. JA na pouse | 07:30 - 13:30<br>Begin met periode 1.<br>Geesvang voor pouse. |

**EKSTRA- EN TUTORIAALKLASSE**

Daar sal van Maandag tot Donderdag verpligte ekstraklasse wees vir sekere grade en vakkombinasies. Graad 8- en 9-leerders wat met aanpassing of kondonering geslaag het, sal ook in hierdie tydgleuf **verpligte** tutoriaalklasse in Afrikaans en Wiskunde bywoon. Enige ander graad 8- en 9-leerder is egter ook welkom om hierdie tutoriaalklasse by te woon. Hier volg die rooster:

| OGGEND EKSTRAKLAS (07:00 - 07:30) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **MAANDAG** | **DINSDAG** | **WOENSDAG** | **DONDERDAG** | **VRYDAG** |
| | Wisk graad 12<br>RTT gr 11 (ekstra vak) | Fis Wet graad 12<br>RTT gr 10 (ekstra vak) | RTT gr 12<br>(ekstra vak) | |
| **VERPLIGTE EKSTRA KLASSE (middae)** | | | | |
| **MAANDAG** | **DINSDAG** | **WOENSDAG** | **DONDERDAG** | **VRYDAG** |
| **13:45 - 15:00** | **13:30 - 14:30** | **13:30 - 14:30** | **13:45 -14:45** | GEEN |
| Gr 12 - Rek<br>Gr 10 - B Stud<br>(ekstra vak) | Gr 12 Fis Wet / B Stud<br>Gr 11 Wiskunde | Gr 11 Fis Wet<br>Gr 12 Wisk en Wisk Gel | Kwartaal 1<br>Gr 12 Lew Wet | Maak hierdie week 'n verskil!<br>B. Hoffman<br>SKOOLHOOF |
| | **TUTORIAALKLASSE**<br>Gr 9 Afrikaans<br>Gr 8 Wiskunde | **TUTORIAALKLASSE**<br>Gr 8 Afrikaans<br>Gr 9 Wiskunde | Kwartaal 2<br>Gr 12 RTT | |